SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS 03 APRIL 2005

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid- Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in SuidAfrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

STIL SLEUTEL

Weens laat ontvangs van hierdie berig is dit ongelukkig uit verlede week se Afrikaanse bulletin uitgelaat.

Dit is met leedwese dat die Rustenburgse tak van die SA- Radioliga moet aankondig dat Chris le Roux, ZS6AYL, die bedryfspersoon van die ZS0RBG BBS se sleutel op Sondag 13 Maart 2005 stil geraak het. Ons innige meegevoel aan sy familie en vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag:

SARL AJV

HAMNETVAKATURES

VOLGENDE PRESIDENTSNET EN INTEGNET OP 24 APRIL

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL- kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 6752393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens maak staat op nuusinsette van klubs en individue aangaande amateurradioaktiwiteite. Plaas asb. U berigte op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb. in Afrikaans sowel as Engels, maar, gaan asb. veral datums en telefoonnommers na voordat u die berig instuur, die redakteur het growwe foute in die verlede opgemerk.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede.

SARL AJV

Die 2005 Algemene Jaarvergadering van die SARL vind op Saterdag, 9 April 2005 by die Nasionale Amateurradiosentrum in Johannesburg plaas. Die AJV-

kennisgewings en die betrokke dokumente is beskikbaar op die SARL se webtuiste by www.sarl.org.za vir diegene wat dit moontlik nie per pos ontvang het nie.

Registrasie sal om 07:30 op Saterdagoggend 9 April begin, met die AJV wat om 09:00 n aanvang neem. Om 11:00 sal daarn teepouse wees gevolg deur 'n informele vergadering oor amateursake om 11:30. Om 13:00 sal verversings beskikbaar wees.

Tjerk Lammers, ZS6P, die liga se toekenningsbestuurder nooi u na die liga se toekenningsbraai wat om 19:00 op eerskomende Vrydag, wat die AJV op Saterdag voorafgaan, langs die NARS, plaasvind. Hierdie is nie 'n formele geleentheid nie maar 'n gesellige samesyn. Drag is informeel maar netjies.

Multisource het 'n Icom IC-V8 2 m handstel geskenk wat uitgeloot gaan word. Alle gelisensie?rde amateurs teenwoordig sal in die trekking ingesluit word. U kan nie bekostig om die geleentheid mis te loop nie want dalk is u die wenner!

Bespreek asseblief by Vee Antal by die NARS. Kaartjies is slegs R65 per persoon en 'n kontantkroeg sal beskikbaar wees.

HAMNETVAKATURES

Die volgende berig is afkomstig van Francois Botha, ZS6BUU, die Nasionale Hamnetko-ordineerder.

Weens die bedanking van Roy Martin, ZS6HH, Gauteng Noord, en Sarel Rossouw, ZS6APO, Gauteng Suid, weens werksomstandighede, bestaan daar twee vakatures om hierdie poste te vul.

As gevolg van die digtheid van bevolking was daar oor die jare altyd twee Direkteure, een gebaseer in Pretoria en een in die Johannesburgarea. Sou daar wel 'n persoon wees wat voel dat hy die hele gebied kan hanteer, verwelkom ek aansoeke om die een of beide poste te vul.

My vereistes vir diegene wat belang stel is as volg. 'n Persoon wat ten minste 5 jaar Hamnetondervinding het en in besit is van 'n ZS-lisensie met gelykgolf. Die persoon kan werkend of afgetree wees maar bevoegd om van die huis of uit 'n voertuig te werk en ook om 'n veldstasie te kan oprig.

Indien u belangstel om die pos of poste te vul, skakel my by 011 679 5260 of 083 585 3847 of kontak my per e-pos by zs6buu@uskonet.com om die vakature meer breedvoerig te bespreek."

MAGALIES RADIOAMATEURKLUB STOOT DIE SARL SE IARU-FONDS OOR R4 000

Tydens die maandvergadering van die Magalies Radioamateurklub twee weke gelede het die klub n kollekte onder sy lede gehou en die klub het toe die bedrag verdubbel tot R440. Bydraes is gemaak deur Andre, ZR6MAW, Paul, ZR6NC, Johan, ZR6JPN, Japie, ZR6JN, Nico, ZR6AFJ, George, ZS6NE, Albert, ZR6VON, and Marten, ZS6ZY. Baie

dankie aan al die bydraers. Die fonds staan nou op R4 066. Die mikpunt is R13 000 wat by Mei bereik moet word wanneer die SARL se ledegeld betaal moet word. Maak asb. u bydrae en help om die SARL en Suid-Afrika internasionaal verteenwoordig te hou. Nadatn donasie gemaak is, stuur asb. 'n kopie van die depositostrokie per faks na 012 5651 of per e-pos na saardt@intekom.co.za of pos dit na Posbus 90 438, Garsfontein, 0042. Die rekeningnommer vir bydraes is ABSA 560 142 722, Menlynpark, takkode 335 645. Tjeks moet uitgemaak word aan The SA Amateur Radio Development Trust. Volledige besonderhede is beskikbaar by www.amateurradio.org.za.

'N KLAGTE VAN 'N ZR OP HF

In wat volg beskryf n ZR-lisensiehouer sy ondervinding op die HF-bande wat onlangs vir hulle oopgestel is: "Asn nuweling op HF het ek opgemerk dat sommige operateurs hulle roepseine nie gereeld genoeg meld nie en ook dat roepseine so vinnig ges‿ word dat n mens nie eens die eerste letter kan uitmaak nie. Aangesien ekn persoon is wat twee gehoorapparate dra, is dit vir my nog moeiliker om uit te maak wat ges‿ word. Wanneer ek by n gesprek probeer aansluit mag erkenning aan my verleen word, maar dan word ek vergeet. Daar word ooknie lang genoeg gapings tussen beurte gelaat nie. Asn beginner op HF geniet ek dit werklik maar ek sal graag wil sien dat operateurs behoorlike radioetiket handhaaf. Ek wil ook ander ZR're aanmoedig om op HF te kom maar hulle mag bevrees wees dat hulle deur ZS're gebyt sal word. Gaan daarvoor!"

SARL se nuusredakteur vertrou dat hierdie n ge<soleerde, ongelukkige voorval was. Laat ons almal twee items uit die Radioamateurkode onthou wat lees: Die radioamateur is bedagsaam, hy sal nooit sy stasie op son manier bedryf dat dit die genot van die stokperdjie vir ander bederf nie. Die radioamateur is vriendelik, hy beoefen stadige en geduldige werking wanneer versoek; bied vriendelike raad, bystand en hulp aan beginners, werk hartlik saam en is bedagsaam ten opsigte van ander se belange. Dit is die kenmerk van die amateurgees.

VOLGENDE PRESIDENTSNET EN INTEGNET OP 24 APRIL

Die volgende Presidentsnet in Integnet sal op 24 April aangebied word. Die aand se bedrywighede begin om 19:00 met die Presidentsnet en word om 20:00 deur Integnet gevolg. Clive Simpkins, die welbekende motiveringspreker en bestuurskundige is uitgenooi om sy kundigheid rakende die bestuur van 'n klub, die motivering van komitees en entoesiasme by lede te wek, met ons te deel.

Klubs word uitgenooi om 'n koppeling met hul herhalers aan te vra deur besonderhede te stuur aan armi@sarl.org.za. Die volgende inligting moet verstrek word: telefoonnommer wat gekoppel moet word (geen voorafbetalingtelefone of selfone kan gekoppel word nie) sowel as besonderhede van hul herhalers.

ZS75PTA-VLOOIMARK IN PRETORIA

Die Pretoria Amateurradioklub hou hul Herfsvlooimark op Woensdag 27 April 2005, wat 'n publieke vakansiedag is. Die vlooimark sal soos gewoonlik op die suid-kampus van die Universiteit van Pretoria, op die hoek van Universiteits- en Lynwoodweg, gehou word en die aanvangstyd is 09:00.

Almal is welkom. Kom besoek gerus die Megavlooimark in Pretoria. Skakel Almero, ZR6RY, by (H)(012) 567 3722 of op 082 908 3359, indien u 'n tafel wil bespreek of meer besonderhede benodig.

OOS-RAND RADIOKLUB - KOMENDE AKTIWITEITE

8 April - Komiteevergadering om 19:00; 16 April - Klubvergadering om 14:00 gevolg deur 'n saamkuier; 21 Mei - Oos-Rand Radioklub se Jakkalsjag.

Een en almal is welkom om ons klubaktiwiteite by te woon, u hoef nie 'n klublid te wees nie!

Vir meer inligting skakel die klubsekretaresse, Johanna Harris, by 011 814 2121 gedurende kantoorure.

VOORTPLANTINGSTOESTANDE

Weens `n rekanaarprogramprobleem kan ons ongelukkig nie enige inligting oor hierdie onderwerp aan u deurgee nie. In hierdie tyd kan daar nie iets opwindends verwag word nie maar ons herhaal wat Kobus, ZS6KOB, altyd aanraai en dit is om maar te luister en DX te roep,`n mens weet nooit wanneer daar iets onverwags en opwindend kan gebeur nie.

DAGBOEK VAN GEBEURE

02 April - Wesrand Kattebakverkoping; 07 April - SARL 80 meter QSO-geselligheid; 08 April - SARL Toekenningsdinee en gesellige byeenkoms; 09 April - AJV van die SARL; 10 April - SARL Hamnet 40 meter Noodkommunikasiekompetisie; 14 April - sluitingsdatum vir die Mei RAE; 15 April - sluitingsdatum vir stadium 1 van die 2005 Konstruksiekompetisie; 14 Mei - AMSATCON 2005; 19 Mei - Radioamateureksamen; 31 Mei - sluitingsdatum vir stadium 2 van die 2005 Konstruksiekompetisie.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 810, 7 205 en 7 082 kHz en verskeie 2 m herhalers in u omgewing te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word.

ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin. Dit is saamgestel deur George, ZS6NE, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gere?ld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens aan almal.

/EX